environmental consultants

KENNISGEWING VAN ’N RIVIER INSTANDHOUDINGSBESTUURSPLAN PROSES VIR DIE UITHAAL VAN SLIK UIT DIE INSTROOM OPGAARDAMME IN BOSCHENMEER GHOLFLANDGOED, OP ERF 26054 & RESTANT VAN ERF 8434, ASOOK KENNISGEWING VAN ’N OMGEWINGSIMPAKSTUDIE PROSES VIR ’N (SILT TRAP) IN DIE MALANSTROOM IN BOSCHENMEER GHOLFLANDGOED OP ERF 26055, PAARL, WES-KAAP.

DEA&DP Verwysing: 16/3/3/6/7/1/B3/28/1033/19

UITNODIGING TOT DEELNAME

GNEC verwysing: 20512

Projek Beskrywing: Die Paarl Gholfklub (NPC) is tans in die proses om ’n Rivier Instandhoudingsbestuursplan goedgekeur te kry vir die instandhouding en uithaal van slik uit die instroom opgaardamme as deel van die Boschenmeer Gholflandgoed. Die opgaardamme is geleë in die Boschenmeer Gholflandgoed op Erf 26054 en Restant van Erf 8434, Paarl in die Wes-Kaap. Die opgaar van slik veroorsaak dat die stoorkapasiteit van die damme verminder word en dus is daar minder water wat gestoor kan word vir besproeiing van die Gholfbaan. Die Paarl Gholfklub (NPC) is terselfdetyd in die proses om ’n Omgewingsimpakstudie goedgekeur te kry vir die bou van ’n (Silt Trap) op Erf 26055, in die Malanstroom, as deel van die Boschenmeer Gholflandgoed om te verhoed dat die slik in die instroom opgaardamme ophoop.

Ligging: Die Boschenmeer Gholflandgoed, anders bekend as Paarl Gholfklub, is geleë aan die buitewyke van Paarl ongeveer 1km oos van Paarl Mall en suid van die N1. Die Gholflandgoed is geleë langs die R301 (Wemmershoekpad) van Paarl na Franschoek.

Gelysde Aktiwiteite: ’n Rivier Instandhoudingsbestuursplan is ingedien by die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, vir die uithaal van slik. ’n Omgewingsimpakstudie verslag is beplan om 22 Maart 2019 ingegee te word by die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, vir die (Silt Trap). Albei is in terme van die Nasionale Omgewingbestuurwet van 1998 (Wet No. 107 van 1998) gelees tesame met Aktiwiteit 19 in Staatskennisgewing No. 327 in Staatskoerant No. 40772 van 7 April 2017.

Publieke Deelname (Rivier Instandhoudingsbestuursplan): Donderdag 7 Maart 2019 – Dinsdag 9 April 2019.

Publieke Deelname (Omgewingsimpakstudie): Vrydag 22 Maart 2019 – Vrydag 26 April 2019 Indien u as belanghebbende wil registreer, kommentaar wil lewer of addisionele inligting versoek, moet u asseblief u naam, adres asook die rede vir u belangstelling stuur na die volgende adres: Guillaume Nel Environmental Consultants, Aandag: Divan Opperman, Posbus 2632, Paarl, 7620. Tel: (021) 870 1874, Faks: (021) 870 1873 of E-pos: divan@gnec.co.za. Dui asb die GNEC verwysings nommer **20512** aan op alle kommunikasie. Die voorlopige Rivier Instandhoudingsbestuursplan is beskikbaar aan die publiek by die Paarl Biblioteek vanaf 7 Maart 2019 asook op GNEC se webtuiste www.gnec.co.za. Die voorlopige Omgewingsimpakstudie verslag sal beskikbaar wees in die Paarl Biblioteek vanaf 22 Maart 2019 asook op GNEC se webtuiste www.gnec.co.za.

RIVIER INSTANDHOUDINGSBESTUURSPLAN SE REGISTRASIE/KOMMENTAAR MOET ASB VOOR OF OP: DINSDAG 9 APRIL 2019 GELEWER WORD.

OMGEWINGSIMPAKSTUDIE SE REGISTRASIE/KOMMENTAAR MOET ASB VOOR OF OP: VRYDAG 26 APRIL 2019 GELEWER WORD